

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Helena
# 18 Augustus

(c.255-c.330)

Keiserin Helena was die Christelike moeder van keiser Konstantyn, die man wat uiteindelik die vervolging van Christene in die destydse Romeinse Ryk stop gesit het en die Christelike godsdiens gewettig het. Deur haar toedoen het die Christelike geloof geweldig versprei. Op haar oudag onderneem sy 'n lang pelgrimstog na die Heilige Land. In Jerusalem laat sy 'n basiliek op die Olyfberg oprig en in Bethlehem laat bou sy nog een by die plek waar die Here Jesus gebore is. Sy laat ook opgrawings doen op Golgota waar stukke van die ware kruis gevind is.